**HODGSON, MARSHALL G.S.: RETHINKING WORLD HISTORY. ESSAYS ON EUROPE, ISLAM, AND WORLD HISTORY.** Cambridge University Press, 1993.

Is Europa die hart van die wêreld se geskiedenis? Of het die wêreld se geskiedenis Europa nie net totaal ontgroei nie, maar ook verdwerg? Hierdie nadoodse publikasie van opstelle deur 'n vormalige professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Chicago, wil aantoon dat die direkte ontwikkelingslyn wat van die Antieke Grieke en die Renaissance na die moderne tyd getrek word, 'n optiese illusie is. 'n Geskiedenis met Asië in die sentrum werp meer lig op die moderne tyd en op Europa as die tradisionele beeld. Hy lewer ten slotte 'n pleidooi vir nóg 'n Eurosentriese nóg 'n Asië-sentriese geskiedenis maar 'n globalistiese benadering tot die totale verlede.